# BASAAR 2026




Na die vorige paar dae se stormwinde was ons Saterdag geseën met 'n pragtige windstil oggend.

Die ondersteuning was weereens wonderlik en het 'n heerlik vrolike atmosfeer geskep, veral in die teekamer/kafee waar al die tafels heeltyd beset was.

En toe klop die Bokke ook nog die aand vir die All Blacks!

Vooraf was daar baie ure se voorbereiding:




- Dienende Hande se Kleinkoekies bak;
- Die “Jaffle-” en Pannekoek -spanne se voorbereidings;
- Die spanne wat die Allerlei-tafel en die honderde boeke kom uitpak het;
- Die honderd poedings se voorbereiding en uitskep;
- Hannetjie Ferreira wat die Groen-en-Goud tema in Kosmos laat leef het;
- Braam en sy span wat die tafels ens. moes reg kry. (En weer alles moes opruim.)
- Weereens, soos altyd, ‘n wonderlike spanpoging!






Vir baie het die dag begin met Liesle en Herman se heerlike Ontbytrolle. (Hier getoon voordat die eier bygevoeg is!)







Kosmos en Patmos was ingerig as ‘n kafee,
waar daar heel oggend heerlik gekuier is.
Die Groen-en-Goud tema was baie duidelik in die versierings.

Die saal net voor die opening, ..





en ‘n rukkie later.

Die betaalpunte (voor die stormloop!)



Daar was snoek gebraai, asook pannekoek, hamburgers, boereworsrolle, kerrie-en-rys, …



asook 'n groot verskeidenheid lekkernye!







Die Poeding-tafel, soos altyd een van die gewildste basaar besoekpunte.



Die boeketafel is ook heel goed ondersteun.



Ons sê baie dankie
vir al die ondersteuning,
en veral vir almal wat so hard gewerk het om dit moontlik te maak.

